

IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I 298 VOL 333 PG. 18973 - 19018

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA

1988-01-26

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 333

(Bladsye 18 973 - 19 018 )

HOF HERVAT NA TEE OP 26 JANUARIE 1988.

VICTOR MATABABE MBATYAZWA, v.o.e. (Deur tolk)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Die vergadering van 19 Augustus - ons is amper klaar - het iemand op hierdie vergadering gepraat, ene Mandla namens SOYCO, Soweto Youth Congress? -- Daar was wel 'n stem gewees van Amandla maar wie die persoon is wat dit geskreeu het, weet ek nie.

HOF : Nee, die persoon is deur sy moeder Mandla genoem? -- Nee, ek het nie so 'n persoon gesien nie.

MNR. FICK : Die kwessie van die petisie, is daar enige (10) mense aangestel op die vergadering om handtekeninge in te samel vir 'n petisie? -- By die twee vergaderings wat ek bygewoon het, was daar nog nie resolusies aanvaar gewees oor hierdie petisie se aangeleentheid nie.

HOF : Is die antwoord dan nee? -- Ja, ek sê by daardie twee geleenthede het ons niemand gekies om dit te doen nie.

MNR. FICK : Is daar op hierdie vergadering van 19 Augustus enigsins gepraat van die opdeel van Sharpeville in gebiede vir die doeleindes om handtekeninge te versamel? -- Op die 19de was daar nog geen besluite gewees van wat presies (20) gedoen moet word nie. Dus was dit nog nie bespreek nie.

Ken u 'n persoon met die naam van Lazarus More? -- Nee, ek ken hom nie.

Nadat die resolusies aan die begin van die vergadering deur die voorsitter gelees was, is hulle daarna ooit weer op die vergadering gelees? -- Die resolusies is eers gelees en dan die vergadering. Dit wil sê dit is terwyl die vergadering wat gehou is na die 12de begin het daar.

HOF : Met ander woorde, aan die begin van die vergadering van die 19de is die resolusies van die 12de gelees? -- Ja. (30)

Nou/...

Nou is die vraag, is die resolusies later op dieselfde vergadering weer gelees of gestel? -- Ja, tesame met 'n ander resolusie wat deur hierdie vergadering aanvaar is.

MNR. FICK : Op watter stadium is hierdie resolusies weer gelees of gestel? -- Dit was met die voorbereiding van die sluiting van die vergadering waar daar toe melding gemaak was van die vergadering wat op die 26ste gehou gaan word.

Is dit na Nkosi Sikilele e Afrika gesing is of voor die tyd? -- Dit was na dit.

Is daar gesê ten aansien van die vergadering van 26 (10) Augustus 1984 hoe laat die vergadering gaan begin? -- Ja, dit was gesê.

Hoe laat? -- 14h00.

Net duidelikheidshalwe, was die man Nhlapo ook saam met u by hierdie vergadering van 19 Augustus 1984? -- Ja, hy was in my geselskap gewees. Ek en hy was saam.

Hoe het dit gebeur dat hy saam met u na al hierdie vergaderings toe is, want hy was op die 5de se vergadering, hy was op hierdie vergadering, hy was op die 12de se vergadering ook saam met u? -- Hy is 'n persoon wat ek beskou as 'n goeie(20) vriend. Ons behoort aan dieselfde kerk. Hy is 'n ouerige persoon wat half verlam is. Dus sien ek toe dat hy die nodige hulp kry. Dit is die rede dat ek saam met hom daar was. Ek moet na hom kyk.

HOF : U bedoel om hom mobiel te maak? -- Die persoon het 'n voertuig van sy eie. Weens die toestand waarin hy is kan hy nie die voertuig bestuur nie. So, ek bestuur sy voertuig vir hom. Om daardie rede is ek altyd saam met hom waar hy wil gaan.

MNR. FICK : Wie se idee was dit om die vergadering van (30)

5 Augustus 1984 by te woon? U s'n of mnr. Nhlapo se idee?

-- Wat gebeur het is, met my aankoms by hom het ek aan hom oorgedra wat my belang is om hierdie vergadering by te woon en toe gevind dat hy ook belang stel daarin om hierdie vergadering by te woon aangesien dit die inwoners daar affekteer. Dit was op daardie basis dat ons besluit het dan dat ons die vergadering kan bywoon.

En die vergadering van 12 Augustus, was dit op dieselfde basis? -- Ja, op dieselfde manier het dit gebeur, want ek het na hom toe 'n pamphlet geneem wat ek gehad het, wat ek wou (10) gehad het hy moet sien. Met my aankoms daar, voor ek die pamphlet aan hom getoon het, het hy alreeds daarvan geweet dat daar 'n vergadering op die 12de gehou gaan word.

HOF : Stel u regtig belang in hierdie gegewens? Wat het ons met al hierdie detail te doen?

MNR. FICK : Ek wou net gehoor het op watter basis het die gekom. Ek het verstaan Nhlapo kom ook getuig. Oor die vergadering van 19 Augustus, nog net een aspek, beskuldigde nr. 3, nadat hy die vergadering geopen het en daar aan die begin van die vergadering gesproke het, het hy ooit op hierdie(20) vergadering ooit aan die verrigtinge deelgeneem, gesproke of enigiets anders op die vergadering gedoen? -- Nee, ek onthou nie.

Dan wil ek dit laastens aan u stel dat u geheue omtrent die vergadering van 19 Augustus is baie swak? -- Wat is die swakheid? Wat beteken dit?

U kan byvoorbeeld nie onthou van die persoon Albert wat sou gesproke het volgens die ander beskuldigdes op hierdie vergadering nie? -- Is dit al?

Ek kan 'n hele rits opnoem, maar ek wil dit net aan u (30)

stel/...

stel - u kan antwoord daarop - dat u geheue oor die vergadering swak is. Net ja of nee. Stem u saam? -- Ek het alreeds hier vir die hof gesê dat 'n mens het sekere dinge waarin hy belang stel. Sekere dinge waaraan hy meer aandag sal gee in 'n vergadering. Met die gevolg daardie persoon stel belang in 'n sekere ding wat hy sal onthou. Dit kan wees dat jy hoor mense praat en melding maak van sekere dinge en omdat dit nie vir jou belangrik is nie, daar is sekere dinge wat jy voel is vir jou belangrik, daardie dinge hoor jy maar hulle registreer nie in jou nie. Dit is om daardie rede dat ek dit nie kan(10) betwis nie.

Ek gaan nou met u na die vergadering van 5 Augustus 1984. Hoe laat het u by hierdie vergadering aangekom, sê u? -- Toe ek daar kom, het die vergadering alreeds begin.

Raadslid Sekobane, het hy gepraat op die vergadering?

HOF : Het die getuie nie gesê nie?

MNR. FICK : Ek wil net sy geheue toets, maar dit sal baie kort wees oor hierdie vergadering. Waaroor het Sekobane gepraat op die vergadering? -- Toe ek daar gekom het was Sekobane besig om die toespraak te maak aan die gehoor. (20) Wat hy gesê het was dat die huur verhoog word met ingang 1 September. Daar gaan 'n nuwe kliniek gebou word, die strate gaan geteer word, hy het van die parke ook gepraat ensovoorts, sekere dinge wat ek nie meer kan onthou nie. Ek het verstaan dat hy dit noem ter stawing van iemand anders se toespraak.

Het raadslid Dlamini gepraat op die vergadering? -- Ja, Dlamini het gepraat.

Het Paul Nhlapo, die persoon wat saam met u was, aan Dlamini 'n vraag gevra maar hoe kan hulle die huur verhoog(30)

as/...

as die mense sonder werk sit? Is dit gevra? -- U sal hiervoor moet reg stel. Nhlapo het nie die vraag op Dlamini gemik nie. Nhlapo het die vraag in die algemeen gevra van die raadslede wat daar teenwoordig was.

Het hy gevra hoe kan hulle die huur verhoog as die mense sonder werk sit? -- Nie soos u dit nou stel nie.

Ek stel aan u, Dlamini het op hierdie vraag geantwoord en Dlamini het gesê die huur is verhoog om te betaal vir die items wat die inwoners versoek het aangebring moet word in die woongebiede? -- As u dit aan my so stel, dan stel ek (10) dit aan u so, dat ek nie kan onthou dat Dlamini so 'n antwoord gegee het nie.

Mokhema, het hy ook gepraat op die vergadering? -- Ek ken nie die persoon Mokhema nie. Ek kan nie eers onthou wat daardie persoon gesê het nie.

Laat ek vir u so vra, het iemand gevra op die vergadering maar is daar nie 'n ander bron om hierdie projekte uit te voer wat die gemeenskap vra nie? -- Ja, daar was iets in daardie lyn gesê.

En toe het Dlamini weer verduidelik. Toe sê hy maar (20) daar is geen ander bron nie, want waar hulle ook al die geld gaan probeer kry, hulle sal rente moet betaal op die geld wat hulle kry? -- Op die persoon se vraag, Dlamini het daar 'n antwoord gegee, maar u moet nie sê dat Dlamini het ook hier aanspraak Dlamini vroeër iets gesê het nie.

Het hy die antwoord gegee wat ek aan u gestel het? -- Wanneer nou? Op die stadium toe die persoon die vraag gevra het?

Ja? -- Ja.

Is dit nie ook so dat Dlamini aan die einde van die (30) vergadering/...

vergadering gesê het vir die mense "kyk, as daar nog ontevredenes is oor die kwessie van die huurverhoging, dan kan die mense 'n petisie opstel en dan kan dit na die raadslede geneem word en die raad kan daarop ingaan?" -- As 'n mens in ag moet neem die feit dat hierdie vergadering uiteen gegaan het nie op 'n goeie gees nie, was daar dus nie 'n kans gewees vir Dlamini om nog so 'n voorstel te maak nie.

Sê u dan nou daar is nie so iets gesê deur Dlamini dat 'n petisie opgestel kan word nie? -- Met sekerheid sê ek so, ja.

Ek stel aan u op hierdie vergadering was Dlamini (10) eintlik maar die woordvoerder van al die raadslede. Hy het maar die praatwerk gedoen daar met die raadslede op die vergadering? -- Ek betwiss dit nie. Hulle was almal raadslede. Ek weet nie wie daar opgetree het as 'n segsman vir hierdie raadslede nie.

U het in u hoofgetuienis gepraat van op die vergaderings was "grown-ups". Wat bedoel u daarmee? Van watter ouderdom is 'n persoon 'n "grown-up" volgens u? -- My beskrywing van 'n "grown-up", enige persoon wat werk wat verantwoordelik gehou word vir die betaling van die huur, daardie persoon, volgens (20) my, is 'n persoon wat ek beskryf as 'n "grown-up".

Van 18 jaar af, wat 'n man kan werk? -- Nee, ek tel nie jare nie.

U het in u hoofgetuienis gesê dat Sekobane het gesê op die vergadering van 5 Augustus dat die Munisipaliteit het die huur verhoog. -- Dit is presies so.

Maar is dit nie algemene kennis op daardie stadium gewees in 1984 dat die Munisipaliteit self het vir jare niks meer te doen met Swartbehuising nie? -- Bekende feit of nie, dit was sy toespraak gewees. (30)

Nou/...

Nou stel ek dit aan u, Sekobane sou tog nie vir hierdie mense wat weet die Munisipaliteit het niks te doen ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Mn. Fick, ek weet nie of ek dit reg het nie, maar ek dink ek het al vantevore gehoor dat 'n raadslid het probeer om die skuld vir die verhoogde huur af te skuif op die Administrasieraad en dat 'n ander raadslid hom toe gekorrigeer het en gesê het ons moet vir die mense sê dit is ons wat verantwoordelik is. Nou dit lyk vir my dit is die soort situasie hierdie. Watter sin het dit om hieroor te kruisvra? (10)

MNR. FICK : Die staatsaak is dat die heer Sekobane het eintlik nie gepraat nie, Dlamini is die persoon wat gepraat het. Die getuie sê Sekobane het gepraat. Nou wil ek net aan hom stel wat hy sê Sekobane gesê het, sou Sekobane nooit in sy lewe gesê het nie, want dit is 'n onmoontlikheid.

HOF : Ja, stel dit.

MNR. FICK : Ek stel dit aan u, mn. Sekobane kon nooit op daardie vergadering in Augustus 1984 vir hierdie gemeenskap gesê het "Maar ons het nie die huur verhoog nie, dit is die Munisipaliteit", want almal het geweet dat die Munisipaliteit (20) het niks met Swartbehuising uit te waai nie? -- Dit is wat u dink het gebeur. Ek sê wat hy aan hierdie vergadering gesê het.

Nou wil ek dit aan u stel dit wat u hier in die getuienis gee dat mn. Mokate sou - mn. Kolisang sou geklap gewees het op hierdie vergadering, is nie die waarheid nie? -- Volgens u, maar volgens my wat by hierdie vergadering teenwoordig was, ek sê dit het gebeur.

Mofokeng was ook op die vergadering en hy is gekruisverhoor en daar was nooit aan hom gestel maar op die vergadering (30) waar/...

waar jy was, is die een raadslid geklap" nie? -- Ek ken nie vir Mofokeng nie. Daar is niks wat ek oor Mofokeng kan getuig nie. Ek kan wel getuig van wat daar gebeur het.

Wag nou, u kan nie daardie antwoord gee nie. U het in u hoofgetuienis gesê Mofokeng was op die vergadering? -- Ek praat van Mofokeng die raadslid. Daar is baie Mofokengs. U het nie gesê van watter Mofokeng u praat nie. Ek antwoord onder die Mofokengs.

Ek het gesê dat raadslid Mofokeng het getuig, daar is nie aan hom gestel ooit dat op die vergadering waar hy (10) was ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ek wonder of u gesê het raadslid Mofokeng? Ek dink u het gesê Mofokeng.

MNR. FICK : Ek is jammer, ek het die ding dan anders. Ek korriceer net die ding. Raadslid Mofokeng het getuig, hy is gekruisverhoor oor hierdie vergadering van 5 Augustus en daar is nooit aan hom gesê dat die vergadering waar hy die raadslid was op 5 Augustus, het h vrou sy mede-raadslid geklap nie?

MR BIZOS : I am checking it. I have a clear recollection (20) of actually putting it. If I remember correctly I even ...  
(Court intervenes)

COURT : Yes, I also have a recollection that it was put. I do not know whether it was in relation to Kolisang, that I do not know, but it was put. That I recall. I do not know to whom and I do not know the circumstances.

MR BIZOS : According to the note that I have, but not the actual record, it was put that there was an attack on both Kolisang and Mokate, but that note may not be entirely correct, but I do have a recollection that it was put. (30)

COURT/...

COURT : I recall that it was put that a lady slapped the councillor but I may be wrong.

MR BIZOS : It was put.

MNR. FICK : Dit mag miskien aan mev. Phosisi gestel gewees het, maar nie aan Mofokeng nie, soos ek dit het.

HOE : Ja, maar u moet onthou dat hierdie getuie weet nie eers wat dit beteken en wat die effek daar is dat iets gestel is of nie gestel is nie. U verwarr die getuie. U kan hom vra of dit nou 'n nuwe ding is wat hy uitbring en of hy dit ooit vantevore in sy verklaring gesê het, as u dit wil doen, (10) maar u kan nie vir hom sê wel, dit is nie gestel nie. Wat het hy daarmee te doen? Dit is deel van ons eienaardige hofprosedure wat hy nie eers veronderstel is om te verstaan nie, gelukkig vir hom.

MNR. FICK : Hoeveel mense was op die vergadering van 5 Augustus 1984 aangeval? -- Ek het twee persone gesien wat by hierdie vergadering aangeval was.

Wie is die eerste persoon wat aangeval is? -- Mokate.

Hoe is hy aangeval? -- Ek vergeet hierdie vroumens se naam. Dit is nie Motaung nie, maar dit is 'n vroumens wat (20) hom aangeval het.

Hoe het sy hom aangeval? -- Hy is op hierdie manier aangeval. Die vroumens het hom genader met die oog daarop om hom te gryp. Net voor die vroumens hom gegryp het, het Kolisang tussenin getree om te verhoed dat die vroumens hom gryp. Dit is die aanval wat ek van praat. Met dié het Kolisang toe die klap gekry.

Is dit die twee persone wat aangeval is wat u van praat? -- Buite na ek die vergaderplek verlaat het, vind ek vir Dlamini waar hy 'n vuurwapen op 'n persoon rig. Tussen die (30)

twee/...

twee was daar iemand gewees wat besig was om te keer. Ek het nie geweet waaroor dit gaan nie. Dit is nou die persone wat ek van praat.

Heeltemal iets anders, weg van die vergadering van 5 Augustus 1984. Weet u enigiets van vergaderings wat raadslede gehou het kort na hulle verkiesing en voor hulle 'n vergadering opgestel het om te bepaal wat is die behoeftes van die inwoners? Weet u van sulke vergaderings? -- Nee, ek het nie kennis daarvan nie. In hierdie nege maande wat hulle op die raad gekies was, die eerste vergadering wat ek van bewus (10) geword het, is die een van 5 Augustus waar ons genooi was om by te wees.

Dit is die eerste een wat u van weet. Is dit reg? -- Ja. Nou wil ek met u gaan na 26 Augustus 1984. Net so drie vragies. Wanneer, hoe laat het u 26 Augustus 1984 by die kerk aangekom? -- Dit was naby maar voor 16h00.

U het daar 'n persoon gekry by die kerk. Was hy die enigste persoon wat nog daar by die kerk was? -- Volgens my waarneming, toe ek daar gekom het, het ek mense gesien wat besig was om weg te loop vanaf die kerk in die straat en(20) die kerkgebou self was nog nie toe gewees nie. Die persoon is die enigste persoon wat op die kerkperseel was saam met wie ek gepraat het wat vir my gesê het dat die vergadering al uit is. Ek kan nou nie vir die hof sê of daar nog ander mense was binne-in die kerkgebou nie.

U het iets geteken, 'n handtekening gemaak by die persoon. Is dit reg? -- Ja.

Wat was dit wat u geteken het? -- Dit is die dokument wat ek alreeds verwag het. Soos u gesê het, daar was besprekings gewees van 'n petisie wat ek vroeër gesê het en dit (30) was/...

was nog nie gefinaliseer nie. Ek het dus daarop gewag dat dit enige tyd kan terugkom. Toe ek daar kom sê hy vir my dit is die petisie. Ek het dit toe geteken.

Was daar iets geskryf op die petisie of was dit 'n kaal stuk papier of was daar net handtekeninge op of wat is die posisie? -- Dit het alreeds name opgehad halfpad die lengte van die dokument. Daar was wel ander papiere gewees. Die een waarop ek geteken het, was nie die enigste dokument wat daar was nie.

Het u die dokumente gelees voor u geteken het? -- (10) Weens die feit dat ek dit alreeds verwag het en geweet het waарoor dit gaan, het dit my nie bygeval om nog te lees wat verder daar geskryf is nie.

HOF : Was daar iets op geskryf behalwe nou die handtekeninge? -- Soos ek reeds gesê het, daar was ander papiere wat alreeds geteken was. Die een waarop ek geteken het, was die opvolging van ander dokumente. Ek het dus nie die ander dokumente deurgeblaai, dit wil sê die heel eerste dokument om te kan sien wat daar bo-op geskryf is nie. Ek het net hier geteken as 'n opvolging van wat alreeds daar bestaan. (20)

MNR. FICK : Was u nie nuuskierig om te sien wat teken u en wat staan in die petisie wat u moet ondersteun, wat het die mense besluit op die 26ste se vergadering nie? -- Ek is nie 'n persoon wat ander mense in twyfel trek nie. Ek weet wat die resolusie was aangaande hierdie dokument. Ek is tevrede as daar gesê word dit is die dokument waarop 'n resolusie gemaak is.

Oor hierdie reeks vergaderings, dit is nou 12 Augustus, 19 Augustus en 26 Augustus, het u vir die hof gesê dat beskuldigde nr. 3 het verduidelik aan die begin dat hierdie (30) vergadering/...

vergadering was byeengeroep, die 12de se vergadering omdat die gemeenskap van Sharpeville gevra het. Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

Nou wil ek aan u stel dat volgens ... -- Nee, maar u het mos uitgelaat daar. Wat u uitgelaat het daar het ek gesê dit is die inwoners van Sharpeville tesame met die lede van sy gemeente se versoek, is daardie vergadering gehou.

Nou wil ek aan u stel, volgens C30 wat deur die verdediging ingegee is, dit is 'n transkripsie van die vergadering(10) van 26 Augustus 1984. Daarvolgens sou - ekskuus, hierdie is die onderhoud wat beskuldigde nr. 3 en Hlubi gehad het deur Harris. Daarvolgens het beide Hlubi en Moselane gesê dat hierdie vergadering ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Net 'n oomblik. Was hierdie getuie by hierdie vergadering?

MNR. FICK : Nee.

HOF : Maar wat help dit?

MNR. FICK : Dit is die begin van 'n volgende afdeling.

HOF : Maar kan u nie maar u volgende afdeling begin sonder(20) die verkeerde begin nie?

MNR. FICK : Ek sal dit so aan u stel. Volgens Hlubi en beskuldigde nr. 3 is hierdie reeks vergaderings gehou na konsultasies met die kerk en die vakbonde?

MR BIZOS : My learned friend must put it correctly. "They do say that in one line. They laugh and then they point to Nozipho as the vakbonder. I am the church and he is the trade unions." This is what the exhibit says.

MNR. FICK : Op bladsy 6, ek sal dit net uitlees "Hlubi. Ja, from the community or from different organisations. They (30)

just/...

just came together in order to see how. What he says further cannot be heard clearly. Then Moselane. There was consultation with the churches and the trade unions to see about this. So the church is looking from the one side and the labour"- dan is daar 'n onderbreking. "Hlubi and the trade union from the other side of the labour movement."

HOF : Wel, ek gaan nie nou beslis wat daardie dokument beteken nie. U kan dit maar stel dat dit u interpretasie is van 'n dokument en dat dit nie mnr. Bizos se interpretasie is nie.

(10)

MNR. FICK : Het u enige kommentaar daarop dat Moselane sou gesê het dat hierdie reeks vergaderings is gereël na konsultasies met die kerk en vakbonde? -- Ek het dit nie van eerwaarde Moselane gehoor nie.

'n Ander aspek, die VCA Vaal Civic Association, was u bekend daarmee in die Vaaldriehoek in Augustus 1984? -- Nee, ek het nie daarvan geweet nie.

HOF : Het u op 'n stadium daarvan gehoor? -- Nie voor die onluste nie. Ek het niks gehoor wat gesê is voor hierdie organisasie nie.

(20)

MNR. FICK : Het u gehoor dat daar 'n ander reeks vergaderings gehou word ook in die Vaaldriehoek ook oor die huurkwestie, maar te Small Farms? -- Ek woon in Sharpeville. U kan my nie vra oor wat gebeur in Small Farms nie. Ek bly mos nie daar nie.

Antwoord tog net die vraag, asseblief. Het u geweet van sulke vergaderings? -- Ek weet nie van wat in Small Farms gebeur nie.

Ek wil dan met u gaan na 3 September. Kan u ontken dat op 3 September 1984 vroeg die oggend wel busse was in die(30) woongebiede/...

woongebiede in die Vaaldriehoek, maar dat hulle onttrek het na aanvalle op die busse?

HOF : Vra hierdie getuie asseblief net oor Sharpeville.

Dit is al waarvan hy weet. Ek stel nie belang in wat hy sê oor Evaton nie, want hy weet nie van Evaton nie.

MNR. FICK : Weet u of daar busse was in Sharpeville 3 September 1984, maar dat hulle aangeval is en dat die busse onttrek het? -- Op watter datum sê u?

3 September 1984?

HOF : U is seker geregtig om 'n klomp hoorsê op rekord te(10) plaas in kruisondervraging, maar op watter basis gaan ons enige nut daarvan hê as dit hoorsê is? U vra hom in die algemeen. Ek aanvaar hy het koerante gelees. Hy kan sê ja of hy kan sê nee, maar as hy nie persoonlike kennis het nie, hoe help dit ons. Vra hom eers of hy persoonlike kennis het van 'n ding het waарoor u gaan vra.

MNR. FICK : Weet u of daar busse was 3 September die oggend in Sharpeville? -- Nee, ek weet nie.

U het getuig van 'n persoon met die naam van Duke, wie blykbaar 'n konstabel is. (20)

HOF : Nee, dit is nie Duke nie, dit is Buick, die ou kar.  
-- Ja, dit is Buick.

MNR. FICK : Is dit die bynaam van die konstabel? -- Ek weet nie of dit sy regte naam is en of dit sy bynaam is nie. Al wat ek gehoor het wat gesê word is dat hy Buick is.

Weet u of sy van dalk Radebe is? -- Ek ken hom nie persoonlik nie. Ek hoor net daar word gesê dat sy van Radebe is.

Weet u in watter afdeling van die polisie hy is, veiligheids of watter tak? -- Al wat ek gehoor het is dat hy is(30)

h/...

ń CID. Aan watter tak van die polisie hy verbonde is, weet ek nie.

Is dit korrek dat op die oggend tot nadat hierdie traangashouer langs u geval het, het u nie ń idee wat daar gebeur het of hoekom hierdie traangashouer afgeskiet is nie? -- Dit is presies so.

Nou wil ek aan u kortliks stel wat die polisie sê wat daar gebeur het op 3 September 1984 in Sharpeville, dan sê u net of u weet en of u nie weet nie. Het u in Seeisostraat beweeg die oggend van 3 September 1984 in Sharpeville? --(10) Watter een is Seeiso? Is dit die hoofstraat wat die busse gebruik?

Ja, dit is op die busroete.

HOF : Nee. ń Gedeelte van die busroete is Seeisostraat.

ń Gedeelte van die busroete is Dabula Drive. Moenie die getuie verkeerde inligting gee nie.

MNR. FICK : Die busse loop onder andere in Seeisostraat? -- Eintlik wil ek ń bietjie duidelik wees. Is dit nou in die gedeelte van Rooistene, Vuka, Putsoastene waarvan u praat?

HOF : Ons het dat Seeisostraat loop by Putsoastene en Rooi-(20) stene en die gedeelte by Vuka is Dabula Drive. -- As dit Seeiso is waarvan hier gesprok word, is dit baie ver van my af. Ek kan nie daar uitkom nie.

MNR. FICK : Weet u waar is Hulwanestraat? -- Kyk, ek ken nie die strate van Sharpeville so goed nie. Dalk as u vir my die plek kan beskrywe waar daardie straat is, dalk sal ek in staat wees om vir u te kan sê of ek weet dat dit die straat is waarvan u praat.

Op hierdie stadium weet ek ook nie waar hy is nie.  
Dit is waarom ek vir u vra of u weet waar is Hulwanestraat.(30)

HOF/...

HOF : Met daardie vraag dink ek u moet versigting wees dat dit nie die lamme is wat die blinde lei nie, mnr. Fick.

MNR. FICK : Raadslid Sekobane, weet u waar woon hy in Sharpeville? -- As ek reg is word daarvan gepraat hy iewers by Rooistene by die "stands" se gedeelte is waar hy woon. Ek weet nie watter een is sy huis nie.

Was hy enigsins op 3 September dieoggend naby Rooistene? -- Ek het dit alreeds gesê en ek sê dit nog dat Rooistene is baie ver van die area waar ek woon en tweedens, weens my swak gesondheid is ek nie in staat om 'n lang distansie (10) te stap nie.

Weet u waar het raadslid Mofokeng in Matsamengstraat, Sharpeville gewoon? -- Sê net mooi vir my, is dit Matsameng of Matsaneng?

Ek het dit hier as Matsameng? -- Sal u asseblief weer vir my kan help, waar, in watter area is hierdie straat geleë in verhouding tot Vuka, Putsoastene, Rooistene? Waar vind 'n mens daardie straat?

Ons kan dit baie makliker maak. Weet u waar bly raadslid Mofokeng? Dit was eintlik die vraag gewees. -- Ek weet nie. (20)

Raadslid Mofokeng bly naby Putsoastene?

HOF : Wil u nou die getuie vra oor Putsoastene op dieoggend van 3 September?

MNR. FICK : Ek wil net weet of hy weet waar die raadslid se huis is.

HOF : Wat maak dit saak? Ons weet waar sy huis is. Dit staan op ons kaart.

MNR. FICK : Weet u waar raadslid Dlamini gewoon het in Sharpeville? -- Ja.

Was dit naby u? -- Dit is nie baie ver van my af nie, (30)

al is dit in die koers van Rooistene.

Dieoggend van 3 September 1984 hierso by 07h30 die oggend, het u nie gesien dat daar 'n klomp mense in die straat afkom na raadslid Dlamini se huis toe nie?

HOF : Maar is seker omtrent 'n vyftig na honderd huise tussen Vuka en raadslid Dlamini se huis. Hoe moes hy dit gesien het? Waar sê u het hulle afgekom? Die man woon in Vuka. Hy stap die oggend van sy huis in Vuka na Nhlapo se huis in Vuka. Hy gaan nie uit Vuka uit nie. Nou vra u hom oor iets wat gebeur het op die punt van Rooistene. Tussenin is daar (10) nog Vergenoeg ook. Hoe gaan dit ons help?

MNR. FICK : Dan kan ek net 'n algemene stelling aan u maak. Het u nooit terwyl u daar by u huis was of op pad was na Nhlapo se huis toe rook gesien in die lug opgaan van plekke wat aan die brand is nie? -- Dit is ver en my uitsig is versper. Ek kan nie sien wat gebeur daar anderkant terwyl ek aan die duskant is nie.

Nou heeltemal 'n ander aspek. MAWU, Metal Allied Workers Union, is hy geaffilieer met FOSAU? -- Nie FOSATU nie maar COSATU. (20)

Was hy nie geaffilieer in die verlede met FOSATU voor die bestaan van COSATU nie? -- Ja.

Weet u van enige besluit van u organisasie MAWU om solidariteitsaksies van stapel te stuur ten aansien van die mense wat sogenaamd onderdruk word deur die Sebe regering. in die Transkei? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Ek wil niks verder aan die getuie stel in dié verband nie, maar net vir die hof se inligting verwys ek na dokument AC5 Dit is 'n dokument met die opschrift SAAWU and Border Region Solidarity Committee UDF gedateer 27 September (30)

1983 en daarvolgens is dit twaalf organisasies waaronder UDF en MAWU het 'n ad hoc komitee gestig wat beplan het om solidariteitsaksies van stapel te stuur in verband met die onderdrukking van die Ciskei.

U sê u weet niks daarvan nie? -- Nee.

Daar is ook nie geld ingevorder vir daardie doel nie?  
-- Ek dra hoegenaamd geen kennis daarvan nie.

Dan is daar net een laaste aspek wat ek met u wil opneem. Dit is die "stay-away" van 5 en 6 November 1984. Weet u van hom? -- Ek is daarvan bewus dat daar wel so 'n weg'bly-aksie(10) was vir daardie twee dae, maar dit het ons nie in die Vaal affekteer nie. Byvoorbeeld ek in die Vaal was werk toe.

Ken u vir Moses Mayekiso? -- Hy is ons algemene sekretaris nasional.

Weet u of hy aangestel is met hierdie weg'bly-aksie van 5 en 6 November 1984 as die koördinator van al die vakbond-lede? -- Nee, ek het nie so 'n kennis nie.

Ek dank u, ek het geen verdere vrae nie.

RE-EXAMINATION BY MR BIZOS : No questions.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Ons probeer normaalweg om wanneer(20) die gedagtes op 'n besondere punt toegespits is en daar vragies ontstaan dit dan af te handel, maar hier het so 'n ietsie geglip. Die vergadering van die 26ste waar u laat gekom het toe al die mense al weg was, was mnr. Nhlapo weer saam met u? -- Daardie dag het ek direk van die werk af gekom en besluit om by hierdie vergadering aan te doen gou. Ek het nie 'n draai by die huis gaan maak nie.

Is u antwoord dan nee? -- Ja, hy was nie in my geselskap gewees nie.

Toe u op die perseel by 1527 Sharpeville gewoon het, (30)

het/...

het u enige huur betaal? -- Ja.

Aan wie het u die huur betaal? -- Aan die eienaar van die perseel het ek die huur betaal sowel as by die kantore van die administrasieraad te Sharpeville.

Waar u die loseerderspermit betaal het? -- Ja.

Toe u daar begin woon het in 1966 - is dit reg? -- Nee, ons moet dit korrigeer. In 1966 het ek in 'n hostel gebly en die hostel was nog in Sharpeville gewees. Dit is voordat die hostelfasiliteite getrek was na Sebokeng toe.

Wanneer het u vrou dan by u aangesluit? -- In die jaar(10) 1974.

Van wanneer af het u by 1527 begin woon? -- Dit was in dieselfde tyd, dieselfde jaar.

1974? -- 1974. Ek sal u sê, ek het eers daardie byplek bekom en toe my vrou laat kom.

Wat het u toe betaal aan huur in 1974? -- R3,00 plus. Dit was R3,00 en iets by, as ek reg onthou.

Dit is nou vir die eienaar, hè? -- Ja. Ons het nou nie 'n verskil gemaak daar nie.

Ons het mekaar nie mooi verstaan daar nie? -- Ja, ons(20) het mekaar gemis. Ek antwoord met betrekking tot die loseerderspermit. Dit was R3,00 en ietsie by.

Dit is die loseerderspermit en hoeveel aan die standplaaseienaar? -- Destyds was dit R15,00 gewees.

HOF: Per maand? -- Ja.

Alles is per maand.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Van 1974 af tot by 1984 toe hierdie gebeure plaasgevind het, was daar van tyd tot tyd huurverhogings? -- Ja, kort-kort was daar 'n verhoging gewees.

En het u loseerpermitgeld dan elke keer ook meer en (30)

meer/...

meer geword? Of het dit dieselfde gebly? -- Elke keer as die huur verhoog word, dan word die loseerderspermitfooie ook terselfdertyd verhoog met ingang van dieselfde datum.

HOF : Dit is nou die huur vir ander mense? -- As ons praat van huur, praat ons in hierdie geval van meer as een ding. Ek sal u vra, as ons praat van huur wat verhoog word, dat ons eers dit so regstel. Is dit die huur wat betaalbaar was deur die standplaaseienaar aan die owerhede wat van praat of praat u van die huur wat ek self aan die standplaaseienaar betaal? Dit is waar ons verwair. (10)

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Ons praat nog steeds van die huur wat u betaal, die loseerderspermit wat u betaal en van die huur wat u betaal aan die standplaaseienaar? Net om seker te maak dat u helder verstaan. U het tog begin deur te sê in 1974 het u vir die standplaaseienaar R15,00 gegee en R3,00 en enige sente vir die loseerpermit? -- Ja, korrek.

Ons praat nou net van daardie geld wat u self betaal. Die vraag is, het hierdie geld ook elke keer wanneer die huur verhoog word vir die standplaaseienaars, het dit ook die loseerders of die subhuurders soos uself getref? -- (20) Nee.

HOF : Het u gepraat van 'n "lodgers permit"? Laat ons die vraag net duidelik stel. Hier is twee soorte huur en een loseerderspermit. Die een soort huur is die loseerderspermit wat u direk betaal aan die owerhede? Die een soort huur is wat die standplaaseienaar betaal aan die owerhede? Die ander soort huur is wat u self betaal aan die standplaaseienaar? Die drie dinge moet ons uitmekaar haal. Nou is die vraag, as daar in die algemeen in die dorp 'n huurverhoging is, byvoorbeeld die huur wat die standplaaseienaar aan die (30)

owerheid/...

owerheid moes betaal, het u huur dan ook opgegaan aan die standplaaseienaar? -- Nee.

En is dit korrek as ons sê dat in 1984 op die stadium toe die vergaderings teen die nuwe huurverhogings gehou is, toe was u loseerpermit R10,00 per maand? -- Nee. In 1984 was my loseerderspermit voorheen R10,00. Dit is sedert die jaar 1979 daar rond dat dit R10,00 was tot en met 1984.

Sedert 1979 ongeveer en die geld wat u betaal het per maand aan die eienaar van die standplaas was R20,00? --

Ja, tussen die jare 1978 tot 1980 was dit R20,00 gewees. (10)

En in 1984? -- Dit was al R25,00 gewees.

HOF : As ek nou so vinnig optel dan het u omtrent R18,00 per maand betaal in 1974? -- Ja, dit kan wees.

En u het R35,00 betaal in 1984 voor die verhoging? -- Dit is so, ja.

In 1974 wat was u inkomste per maand of per week? -- Dit was R2,46 per uur.

In 1974? -- R1,40 was dit destyds per uur gewees.

U het vir ons vertel dat u indruk is dat die loseerders-permitgelde opgetaan het, verhoog is in September 1984? --(20) Ja.

Ek dink u het gesê u het 'n syfer van R5,90 in gedagte? -- Bedoel u die bedrag wat ek verwag het sou bygetel word?

Ja? -- Ja.

Het u daardie gelde betaal, want as ek dit dan reg het dan het u 'n groot krediet? -- Geen gelde was betaal van hierdie gelde wat ek van praat nie, want daarna was daar toe onluste gewees as gevolg waarvan alles verkeerd gegaan het.

So, het u niks betaal nie? -- Tot vandag toe het ek (30) nog/...

nog niks betaal nie.

Wat is u rede? -- As gevolg van daardie onluste wat daar plaasgevind het, het niemand nou geweet waar die geld betaal moet word nie en aan wie nie en hoeveel dit moet wees nie, want ons het geweier om die R5,90 by te betaal.

Nee, ek kan dit begryp, maar het u dan nie gegaan om u R10,00 te betaal? -- Alles het nou verkeerd gegaan. Aan wie sou die geld nou betaal word? Waar? En hoe?

Is daar nie meer kantore nie? -- Ons was gesê van een kantoor wat te doene gehad het met die invordering van huur-(10) gelde en daar was niemand gewees daar nie.

Waar was die kantoor? -- Sharpeville.

Is daar nou nog niemand nie? -- Ek weet nie nou nie.

RE-EXAMINATION BY MR BIZOS : When the R5,90 increase was announced in August 1984, did you have any discussions with your own personal landlord, the occupier of the stand as a whole? -- No.

On previous occasions when rent had been increased from 1974 onwards, did your rent to your landlord remain the same or did he increase it? -- Not every time there was an increase(20) on his rental. This would wait until at some stage when the landlord feels that the increase on rent has gone up many times. It is a bit difficult for the landlord to afford. Then the landlord would come back to me and say that I must also add something on my rent which I pay to him.

When this R5,90 was announced, did you expect your landlord to approach you or not? -- Yes, I suspected that that my landlord would come to me and talk to me because I realised it was going to create a difficulty for my landlord which difficulty my landlord would not overcome without coming to me (30)

to/...

to add on what I was paying.

COURT : What proportion did you expect would you pay of the R5,90? -- I did not expect any amount from the R5,90 which was to be paid by me. I was awaiting a decision from my landlord what the landlord says must be added to my rental.

MR BIZOS : Thank you, My Lord, I have no further questions.

NO FURTHER QUESTIONS.

- - - - -

COURT ADJOURNS TILL 14h00.

COURT RESUMES AT 14h00.

MADALAPAN PETRUS RADEBE: d.s.s. (Through Interpreter)

EXAMINATION BY MR BIZOS: Mr Radebe are you a resident of Sebokeng, no. 146, Zone 8? -- Yes.

COURT: Zone 7 or zone 8? -- Zone 8.

MR BIZOS: You are married and do you have three children? -- That is true.

You are a machine operator working for the Consolidated Wire Industries in Vanderbijlpark? -- That is true.

For how long have you been working there? -- This is (10) my tenth year.

And how far did you go at school? -- I did standard five.

During 1984, more particularly in August, did you become aware of the proposed rent increase? -- Yes that is true.

Did you hear that there would be a meeting on 26 August 1984 at the church hall on Catholic Small Farms, on the Sunday afternoon? -- Yes I got to know about that but unfortunately I could not attend.

After the meeting that you could not attend did you hear anything as to what transpired at that meeting that you (20) could not attend? -- Yes I came to know that we were supposed to go to the Roman Catholic Church.

When? -- That I heard during the week when I was going to work.

After the 26th? -- Yes.

Did you hear when you were supposed to go to the Catholic church? -- No I did not hear as to when, what date was it when we were supposed to go there.

Did you eventually hear when you were supposed to go to the Catholic church? -- I only became aware the Monday when (30) people/....

people were going there that this was the day.

I see. What did you learn, what were you supposed to go to the church for?

COURT: Did he go there?

MR BIZOS: On my instructions yes ...

COURT: Well why do you not ask him whether he went?

MR BIZOS: Did you go to the church on the morning of the 3rd?

-- Yes I went there in the morning, the time was after 08h30 but before 09h00.

And why did you go there? -- I was also there like (10) the others to make the number of the people who were complaining about the increase on the rent.

What was happening on your arrival at the church premises? -- On arrival there they had already decided it was just at the stage when we were about to leave.

COURT: Was there a procession already? -- The march was already arranged.

MR BIZOS: Inside the church premises or outside the church premises? -- They were already outside the premises.

COURT: Were they moving? -- In the street already preparing (20) to leave.

MR BIZOS: And did you fall in? -- Yes.

Towards the front or the middle or the back of this procession? -- In the middle.

On your way to the procession did you see any obstructions on the road? In the road?

COURT: Which road?

MR BIZOS: On your way ...

COURT: He did not have far to go, he was just next door.

MR BIZOS: Well Your Lordship has an advantage, I did not (30)

check/....

